

Leesspoedteks vir leerder Graad 4

Die harp

Harpe bestaan reeds ongeveer vyfduisend jaar. Daar is skilderye van harpe in grafkelders in Ou Egipte. Dit is 'n instrument wat in baie kulture regoor die wêreld gebruik is.

Elke harp deel 'n paar van dieselfde eienskappe. Elkeen het 'n hol gedeelte wat die klankkas genoem word. 'n Tak of stuk hout steek loodreg by die klankkas uit. Hierdie gedeelte word die nek (snaardraer) genoem. Die nek en klankkas vorm 'n hoek wat soos die letter V lyk. Snare word gestrek vanaf die klankkas tot by die nek.

Dink aan die letter V. Die snare naby die punt is korter as die snare wat dwarsoor die wye opening strek. Die korter snare het 'n hoër toonhoogte. Langer snare klink laer.

Om te speel, pluk die harpspeler die snare met sy vingers. Duisende jare gelede, was harpe klein en eenvoudig. Hulle kon maklik saamgedra word. In die Middeleeue, wou musikante meer snare op hulle harpe hê. Hulle wou ook 'n harder klank hê. Vir hierdie veranderinge om te werk, het die harp 'n nuwe gedeelte nodig gehad.

Dink nou weer aan daardie V. Draai dit nou op sy sy. 'n Stuk hout is oor die opening vasgemaak. Dit het die harpsnaar baie sterk gemaak en gesorg dat die harp nie breek van al die snare wat daaraan trek nie. Die kaste het dus ook groter geword. Die groter klankkas het ook vir meer volume gesorg.

Daar was nog 'n groot verandering in die agtiende eeu. Harpspelers in Europa wou meer note gehad het om te speel. Dit was nie moontlik om nog snare by te voeg nie. In plaas daarvan, het harpmakers sewe pedale bygevoeg. Die harpspelers het die pedale met hulle voete getrap. Die trap van die pedaal het die toonhoogte van sekere snare verander. Hulle het dit die enkelpedaalharp genoem. Maar harpspelers wou nog meer hê! In 1810 het Sebastian Erard die dubbelpedaalharp ontwikkel. Die pedale kon in twee posisies ingedruk word. Dit het die lengte van die snare verander. Elke snaar het drie moontlike lengtes gehad.

'n Dubbelpedaalharp kan enige noot in enige sleutel speel. Dit is die soort harp wat in simfonieorkeste gebruik word. Maar party harpspelers verkies die ouer, eenvoudiger harpe, afhangend van die soort musiek wat hulle wil speel.

Kontroleteks

Graad 4

Die harp

Harpe bestaan reeds ongeveer vyfduisend jaar. Daar is skilderye van harpe in grafkelders in Ou Egipte. Dit is 'n instrument wat in baie kulture regoor die wêreld gebruik is. -**29**

Elke harp deel 'n paar van dieselfde eienskappe. Elkeen het 'n hol gedeelte wat die klankkas genoem word. 'n Tak of stuk hout steek loodreg by die klankkas uit. Hierdie gedeelte word die nek (snaardraer) genoem. Die nek en klankkas vorm 'n hoek wat soos die letter V lyk. Snare word gestrek vanaf die klankkas tot by die nek. - **89**

Dink aan die letter V. Die snare naby die punt is korter as die snare wat dwarsoor die wye opening strek. Die korter snare het 'n hoër toonhoogte. Langer snare klink laer. - **123**

Om te speel, pluk die harpspeler die snare met sy vingers. Duisende jare gelede, was harpe klein en eenvoudig. Hulle kon maklik saamgedra word. In die Middeleeue, wou musikante meer snare op hulle harpe hê. Hulle wou ook 'n harder klank hê. Vir hierdie veranderinge om te werk, het die harp 'n nuwe gedeelte nodig gehad. - **181**

Dink nou weer aan daardie V. Draai dit nou op sy sy. 'n Stuk hout is oor die opening vasgemaak. Dit het die harpsnaar baie sterk gemaak en gesorg dat die harp nie breek van al die snare wat daaraan trek nie. Die kaste het dus ook groter geword. Die groter klankkas het ook vir meer volume gesorg. - **241**

Daar was nog 'n groot verandering in die agtiende eeu. Harpspelers in Europa wou meer note gehad het om te speel. Dit was nie moontlik om nog snare by te voeg nie. In plaas daarvan, het harpmakers sewe pedale bygevoeg. Die harpspelers het die pedale met hulle voete getrap. Die trap van die pedaal het die toonhoogte van sekere snare verander. Hulle het dit die enkelpedaalharp genoem. - **310**

Maar harpspelers wou nog meer hê! In 1810 het Sebastian Erard die dubbelpedaalharp ontwikkel. Die pedale kon in twee posisies ingedruk word. Dit het die lengte van die snare verander. Elke snaar het drie moontlike lengtes gehad. - **351**

'n Dubbelpedaalharp kan enige noot in enige sleutel speel. Dit is die soort harp wat in simfonieorkeste gebruik word. Maar party harpspelers verkies die ouer, eenvoudiger harpe, afhangend van die soort musiek wat hulle wil speel. - **387**

(Aangepas/vertaal van: © 2021 Scholar Within, Inc. ScholarWithin.com)

Vrywaring: Let asb daarop dat hierdie teks direk uit Engels vertaal is, en dus woordeskat kan bevat wat in Afrikaans as makliker of moeiliker beskou word vir die aangeduide ouderdomsgroep. Pas asb die berekening van die WPM dienooreenkomstig aan, deur byvoorbeeld woorde wat te moeilik is, a.g.v. die vertaling, nie as deurslaggewend te gebruik vir die WPM nie.